**Sondag 23 Julie**
**Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 2:4a**
**Maar God ...**

Is daar nog twee woorde wat so ’n ingrypende verandering in die mensdom se geskiedenis – en ook in elkeen van ons lewens – tot gevolg gehad het? “Maar God” (vs 4-5)! Dit verander alles. Dit verander nie net gelowiges se lewe hier nie, maar ook in die ewigheid. “Maar God”!

Paulus maak dit duidelik aan die lesers van die brief dat elkeen van hulle geestelik morsdood was as gevolg van sonde. In vers 3 sluit Paulus homself (en ons!) ook in. Almal vanaf Adam en Eva was geestelik morsdood. So het die HERE God gesê sal dit wees as daar van die boom van kennis van goed en kwaad geëet word (Gen. 2:17). Daar was nie een wat uit homself regverdig was nie (Rom. 3:10-12), almal het afgedwaal (Ps. 14:3) en almal was van nature geneig om God en hulle naaste te haat (HK 2:5). Dit was waar van elkeen van ons. Totaal en al hopeloos.

Maar God!!! Hy doen iets wat alle verwagtinge oortref. In sy groot barmhartigheid maak Hy ons lewend saam met Christus. “... uit genade is julle verlos!” Kan daar beter nuus wees as dit? Dat ons, sonder dat ons enigsins self iets aan ons benarde situasie kon doen, vanuit ons doodsbestaan oorgebring is na die lewe; en dit op grond van God se groot liefde vir ons?

Nou lyk ons situasie heeltemal anders! Daar is hoop. Daar is lewe. Ons het niks in onsself om op te roem nie, maar ons het alles in God om op te roem! Nou kan ons die goeie werke (gehoorsaamheid) wat tot God se eer strek en waarvoor ons bestem is, doen. Nou leef ons nie meer vir ons ou, sondige aard nie, maar vir God!

*Sing: Ps 146-1:1*

*Ds. BA van der Walt (Banie) (Paarl)*